AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

LAAT DAAR LIG WEES

A.H.M.S. EK SIEN HAAR WEL

# Stroom-op

3de TERMYN 1979

# STROOM-AF MET STROOM-OP!

**Stroom-op het vanjaar een van die mees uitsonderlike prestasies in Affies se geskiedenis en daarmee ook die prestasie van die jaar behaal deur 'n eersteplek in te neem op 'n landswye kompetisie vir skoolkoerante!**

Die Junior Rapportryers, 'n organisasie ter bevordering van die Afrikaanse kultuur, het aan die begin van verlede jaar besluit om 'n landswye kompetisie vir skoolkoerante uit te skryf. Aangesien alle skole finansieel nie ewe sterk staan nie, is daar vir twee afdelings voorsiening gemaak: een vir afgerolde en die ander vir gedrukte koerante waaronder Affies sorteer. Die voorwaardes daaraan verbonde was dat die koerant drie keer per jaar moes verskyn en dat alle leerlinge al die werk moes behartig.

Feitlik al die lede van beide die Seunskool en die Meisieskool se redaksies het die nuwe terrein met afwagting betree. Vir die eerste keer moes Stroom-op verskyn, nie alleen vir die Affies nie, maar boonop vir 'n kompetisie waarin die kwaliteit daarvan opgeweeg sou word teen dié koerante van talle ander skole, onder andere die gedugte Grey Kollege van Bloemfontein, verlede jaar se wenners. Vele hande maak ligte werk, lui die spreekwoord, en dit was inderdaad ook die geval. Soms het dit maar skaaf-skaaf gegaan tussen die twee redaksies, maar saam-saam het hulle die wa deur die drif getrek en die eerste twee uitgawes van Stroom-op 1979 het die lig gesien!


Met gemengde gevoelens is die eerste twee uitgawes van Stroom-op 1979 ingeskryf. Beide redaksies was tevrede met die werk, maar ook skepties omdat daar "te veel foute" was. Dié was daar wel, maar in jou strewe om net die beste daar te stel, is mens geneig om soms té krities te wees, soos wel die geval blyk te gewees het. In alle geval, Stroom-op het groot byval gevind by die Affies en dit is immers hoofsaak! Die redaksies het 'n sug van verligting geslaak en tydelik ontspan voor die werk aan uitgawe nr. 3 sou begin.

As daar drie persone was vir wie die tyd van inspanning juis toe begin het, dan was dit vir prof. Louis Eksteen, en andere. Voor hulle het die reuse taak gelê om 76 koerante (38 skole het ingeskryf) vanoor die hele Republiek byna letterlik deur te lees en te beoordeel. Daar is gekyk na inhoud, verskeidenheid, styl, oorspronklikheid, taalgebruik, bladuitleg en talle ander aspekte; voorwaar 'n moeilike taak. Einde ten laaste is Stroom-op bekroon as die beste skoolkoerant in die RSA. By Affies het die vreugdevure hoog gebrand (die wisseltrofee was onder meer vergesel deur 'n tjek van R100!). Grey Kollege het die tweede plek ingeneem.

'n Besondere woord van dank dan ten eerste aan die Junior Rapportryers wat op só 'n treffende wyse hul deel bydra om ons Afrikaanse kultuur te bevorder en te bestendig, en ten tweede aan al die onderwysers betrokke en ook mnr. W. Coetzer, sonder wie se medewerking Stroom-op nie sou kon verskyn nie.

Laastens, en die belangrikste, 'n woord van gelukwense, maar ook dank aan beide redaksies. Julle het hard gewerk, maar julle is ryklik daarvoor beloon. Mag Stroom-op aanstaande jaar Affies se lig helderder laat skyn, hom verder laat wen!

**Die Redakteur**







# AHM-Tennis en Hokkie

**Affies het weer eens hul baasskap bewys deur met die louere weg te stap op beide die gebied van tennis en hokkie. Vanjaar het die eerste tennisspan die Administrateursbeker verower en die eerste hokkiespan het die A-liga vir die eerste keer in die geskiedenis gewen.**

Die kwaadpraatstories dat Meisieshoër slegs op akademiese gebied presteer, niks vir sport doen nie en geen balans handhaaf nie, is met hierdie oorwinnings finaal die nek ingeslaan.

**Tennis**

Affies was nog altyd dié tennisskool van S.A. Die 1979-tennisjaar is gekenmerk deur stringe oorwinnings. Ook die eerste bo-15 liga word weer eens deur Affies gewen.

Vanjaar het die eerstespan bestaan uit die seldsame kombinasie van twee matrieks, Laetitia Fourie en Revonne du Toit en twee standerd sessies, Helisma en René. Dié kombinasie bewys homself as baie suksesvol en toe hulle aan die uitdunne van die Administrateursbekerkompetisie deelneem, het die vier Affies telkens soos Caesar van ouds gekom, gesien en oorwin!

In die eerste rondte het AHM teen Hoërskool Rustenburg gespeel en in die tweede rondte teen die Klerksdorpse Hoërskool. Affies was telkens prominent op die voorgrond en sodoende dan ook gunstelinge vir die dogtersafdeling van die kompetisie.

Die eindstryd was teen Parktown Girls High. Die opgewondenheid was oral voelbaar en om halfeen het die matrieks hul toegewyde aandag aan die akademie vir 'n tyd afgelê en na Loftus verskuif om die Affies te sien wen.

Meisieshoër maak dan ook, soos dit haar betaam, skoonskip en wen die kompetisie oortuigend met ses wedstryde teenoor nul!

**Hokkie**

AHM wen in 1976 die B-afdeling van die hokkieliga. Die volgende jaar presteer hulle ongelooflik en kom tweede in die A-afdeling na Girls High, toe nog Noord-Transvaal se hokkie-virtuose. In 1978 kom Affies weer tweede.

Hierdie jaar was Meisieshoër die skool vir wie almal bang was en wie almal wou wen. Die helfte van die Noord-Transvaalse span het uit Affies bestaan. Die kapteine van die span was ook 'n Affie. Al moes hulle soms vier wedstryde 'n week speel, wen Affies die een wedstryd na die ander, seëvier oor Girls High en eindig die seisoen met die A-liga in die sak.

Baie lof gaan aan die twee afrigters, juf. Bothma vir die tennis, en mev. Edwards vir die hokkie. Hulle afrigting, aanmoediging en ook waarskuwings het 'n groot rol gespeel in die oorwinnings.

Meisieshoër het haarself weer bewys en daar kan met reg gesê word dat daar nie nog so 'n meisieskool is nie!

# Redaksioneel

**Die jaar 1979 het ten einde geloop, 'n jaar vol arbeid, prestasies en sukses. Stroom-op het die voorreg gehad om hiermee te kon spog en om as venster te dien vir diegene wat 'n kykie in die Affie-lewe wou hê. Met trots kon dit dan ook gedoen word, maar alleen deur die ywer, deursettingsvermoë en opofferings van beide skoliere en onderwysers; groot was dan ook die beloning op hul arbeid.**

**Alle lof en eer aan Hom wat eindeloos Sy hulp, ondersteuning en leiding geskenk het. Mag Sy seën dan ook op elke Affie en elke leser rus in die jare wat kom.**



# Akademie 1979

Wat is die finale maatstaf waarmee die sukses van 'n skooljaar werklik bepaal word? Menige botsende opinies sal bepaald voorkom, danksy verskillende maatstawwe en persoonlike prioriteite. Alles in ag genome sal selfs die grootste sportfanatikus egter moet erken dat 'n skool oor die algemeen deur sy akademiese prestasies geken en beoordeel behoort te word. Die einddoel van die skoolinstansie is per slot van sake die verbetering van kennis met die oog op voorbereiding vir 'n toekomstige beroep. Jou matriekuitslae dien as bewys van vele sweet en opoffering gedurende die 12 kernjare van jou lewe, veral op akademiese gebied.

Indien die uitslae van die rekordeksamen met regverdiging as maatstaf kan dien, kan daar voorwaar met groot afwagting na die matriekuitslae van 1979 uitgesien word!

Onder 'n matriekgroep van 214 leerlinge is daar altesame 174 vakonderskeidings behaal!

Teenoor die 4 manne van verlede jaar het 8 matrieks vanjaar die besondere prestasie behaal om vir 5 jaar akademiese erekleure te verwerf. Voorwaar 'n toonbeeld van toegewyde, gereelde werk en studie! Wanneer ons in aanmerking neem dat 'n tiende van die 1979 matriekklas 'n gemiddelde van 80% gehandhaaf het tydens 'n strawwe rekordeksamen, kan 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat vanjaar se matriekklas akademies buitengewoon goed presteer.

## Akademiese wrak . . .?

Ongelukkig bestaan daar in die hedendaagse skoolgemeenskap 'n neiging om die uitblinkers op akademiese gebied in 'n mate te veroordeel, te verstoot en te bespot. Ons ken almal die algemene term "akademiese wrak" Alhoewel nie beslis gedefineerd nie, verbeeld hierdie titel waarskynlik 'n persoon vir wie akademie die alfa en die omega van sy bestaan is. Kwalifiseer ons eie uitstaande akademiese persoonlikhede dalk vir hierdie titel?

Deur vir 5 opeenvolgende jare die uitstekende prestasie te behaal om 1e in jou standerd te staan, is 'n onteenseglike bewys dat Adriaan J. Booysen een van die beste leerlinge is wat A.H.S. in 60 tortse jare op akademiese gebied opgelewer het.

Riaan het sy stewige fondament by die Rivierase Laerskool gelê waar hy ook (sover hy kan onthou) altyd 1e in sy klas gestaan het (Riaan is dus op akademiese gebied nog nooit deur enige direkte mededinger getroef nie!!) Hy het verder sy merk op die skool gelaat deur ook in die 1e rugbyspan en atletiekspan opgeneem te word.

Riaan het sy segetog in 1975 op die Afrikaanse Hoër Seunsskool, waar sy vader reeds geruime tyd onderwyser is, kom voortsit. Deur konstante en harde werk handhaaf hy 'n ongelooflike hoë gemiddeld van bo 90% vir elke jaar vanaf standerd 5 tot 10! Vanjaar ontvang Riaan sy 3e goue medalje. Hy het reeds 64 sertifikate versamel) en neem daarmee sy plek in onder die voorste groep presteerders (op alle gebiede!) in die geskiedenis van AHS! Riaan is beslis nie 'n goedkoop belegging vir Affies nie. . . hy het reeds 36 boekpryse verower en die skool sodoende ongeveer R150 uit die sak gejaag.

Wanneer iemand só studeer en presteer is hy mos beslis 'n akademiese wrak, nie waar nie? Hy moet eenvoudig dag en nag voor sy boeke sit . . . Wanneer daar na Riaan se besige program gekyk word, besef 'n mens egter jy sal weer moet dink . . . Riaan het sy hele skoolloopbaan aktief aan atletiek deelgeneem waar hy sy deel in die naellope bygedra het en dan ook tot St. 8 in die interhoërspan ingesluit is. As glibberige agterspeler het hy ook in die elite-span van mnr. Van Rensburg, wat van O/14 af opgebou is totdat hul verlde jaar die Administrateursbeker gewen het, gespeel. Hy speel in die O/14 A, O/15 A en reeds in st. 9 ook 3 wedstryde in die eerstespan.

Riaan is ook 'n onmisbare skakel in die orkes wat die afgelope jare van krag tot krag gegaan het. Die orkes wen naamlik vir 3 jaar die Pretoriastreek en verlede jaar ook die strawwe N.-Tvl.-kompetisie, na harde en getroue ure van oefening. As leier van die trompetseksie wen Riaan ook op individuele gebied die N.-Tvl.-kompetisie.

Reeds vanaf st. 6 openbaar Riaan natuurlike leierseienskappe en vanjaar kom hierdie sterk eienskappe sterk na vore. As onderhoofseun (op kultuur gebied) stel hy, danksy 'n onberispelike karakter en lewenswandel, 'n uitstekende voorbeeld op alle gebiede. Ondanks felle kritiek bly hy onverstoorbaar, lojaal en getrou en skep daardeur 'n onuitwisbare beeld van 'n ware onderhoofseun.


Riaan het Affies se naam op verskeie geleenthede deur die jaar hoog gehou en verteenwoordig Affies onder andere as 'n wenner van die Archimedes eksamen by die chemieweek.

Wanneer enige van ons, wat Riaan van naderby ken aan Rian Booysen dink, is daar egter een karakter eienskap wat ons dadelik byval — sy oortuigde Christenskap. Riaan is reeds vanaf st. 8 die voorsitter van die S.K.J.A. van Pretoria-Oos, waar hy hom dan ook volkome uitleef. Wanneer 'n mens met Riaan oor sy prestasies gesels, is sy eerste woorde dan ook: "Onthou asseblief net, ek het dit nie deur my eie toedoen bereik nie." Indien wel, is Riaan voorwaar 'n baie veelsydige akademiese wrak!

Stroom-op wens Riaan en al die ander uitblinkers asook elke Affiematriek alle voorspoed en net die beste wense toe vir die komende strawwe matriek eindeksamen en hul verdere studies!

**Willem R. Kemp**

Volgende jaar beoog Riaan om elektroniese ingenieurswese aan U.P. te studeer. Met sy vele talente kan 'n mens maklik aanvaar dat hy ook hiervan 'n sukses sal maak.




# AAN DIE EINDE VAN DIE PAD . . .

**Aan die begin van die jaar het 1979 soos 'n berg voor ons opgedoem, 'n berg wat oorwin moes word. Die pad was lank, die tog veeleisend, maar nou staan ons almal op die vooraand van oorwinning — slegs die kruin moet nog oorgesteek word!**

Wanneer ons terugkyk oor die valleie, klowe en kranse wat onder ons lê, dan besef ons opnuut ons nietigheid as mense, elkeen van ons 'n klein individu in 'n reuse samelewing. Ons besef egter ook veel meer as dit, naamlik dat dit nie deur ons eie krag was wat ons so ver gevorder het nie, maar alleen deur God se genade. Hy wat beloof het dat indien ons 'n geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie gehad het, ons berge sou kon versit, het soos van ouds weer ons kleingeloof tot hulp gekom en ons gehelp om die berg, wat ons nie kon oorwin nie, m.b.v. Sy krag oor te steek.

Alhoewel die kruin al binne sig is, moet ons versigtig wees om dit nie in eie krag te probeer oorkom nie — ook vir dié entjie op die pad van ons geloof moet ons slegs op Hom vertrou. Hoe treffend kan die woorde "maar die regverdige sal uit die geloof lewe" dan ook nie soms wees nie! Tog is dit jammer dat baie van ons nie dié woorde as 'n brug oor 'n kloof sien nie en dat dit maar slegs woorde bly. Wanneer ons dan dieper ondersoek instel, sien ons waarom die mense se geestelike lewe geen vrugte dra nie, ontdek ons die oorsaak van hul "kortsigtigheid": hulle glo heel moontlik áán God, maar nie **in** God nie, wat beteken dat hulle nie hulself verloën het en Jesus volg nie, maar steeds hul eie belange eerste stel. Alhoewel goeie werke geen vereiste is tot saligheid nie, lewer dit bewys van jou geloof — as daar dan geen of weinig goeie dade in jou lewe is, moet jy nie dalk jou geloof weer ondersoek en op die proef stel nie?

Dat ons geloof wel die saligmakende geloof is, is van die allergrootste belang, want sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag. Hoe moet ons geloof dan wees, ons geloof wat 'n gawe van God is? Wat hou dit vir ons in? Dit beteken ten eerste dat ons kinders van die Almagtige God geword het en dat Hy vir ons sorg. Met al ons sorge en leed, hoe klein of hoe groot dit ook al mag wees, kan ons na Hom gaan. Al is ons ontrou, Hy bly **altyd** getrou en sal ons altyd met die allergrootste liefde aanhoor en bystaan. Ten tweede word al Sy beloftes nou ook ons s'n en skenk Hy ons 'n Ewige Saligheid, ten spyte van ons sondige aardse bestaan. Die volle betekenis hiérvan sal ons alleen ná ons aardse lewe begryp.



# Langnaweek-staptoer

**Gedurende die langnaweek aan die begin van September het 'n groep van 24, meestal Affies van beide skole, 'n staptoer in die Drakensberge onderneem. Meneer Van der Westhuizen en sy vrou het as toerleiers opgetree.**

Vrydagmiddag het ons per meubelwa (dit lyk my Affies bly maar lief vir meubelwaens!) vertrek en na 'n lang rit die nag by die karavaanpark aangekom. Saterdagoggend is die laaste goed reggepak en het ons vertrek. Die weer was baie goed en vroegmiddag het ons die grot waar ons oornag het, bereik. André en Cornelius het ons gewys hoe om sonder toue rotsklim te beoefen. André het amper sy rieme stygeloop toe hy nie vastrapplek kon kry met die afkomslag nie.

Die grot moes ons deel met 'n groep Engelse laerskoolleerlinge wat ons tot laat in die nag vergas (verpes?) het met die sing van die nuutste poptreffers. Sondagoggend is ons wreed ontnugter toe ons dadelik hande-viervoet die berg moes uitklouter. Toe ons uiteindelik met 'n groot gehyg die bopunt bereik het, het dit begin om te sneeu.

Weldra was die hele boonste gedeelte van die berg bedek met 'n ongeveer 2cm sneeulaag. Die paadjies het seepglad geword en alhoewel dit fantasties mooi was, was dit wel gevaarlik. Terwyl dit gesneeu het, was dit nie eintlik koud nie, maar omdat die temperatuur maklik tot -15° C kan daal nadat die sneeu opgehou het, en ons nie vir sulke temperature voorbereid was nie, het die toerleier besluit dat ons moet teruggaan na die hotel in plaas daarvan om in die berge te slaap en die volgende dag Cathedral Peak uit te klim.

Die aand het Bergville nie geweet wat hom getref het toe ons sy karavaanpark oorgeneem het nie. Oom Chris Blignaut se "Ou Perd" het die pad terug Pretoria toe baie korter gemaak.

Die staptoer was 'n groot sukses en ek sou graag wou sien dat so 'n toer op 'n gereelde basis moet plaasvind. So 'n ondervinding in die sneeu is nie iets wat 'n mens gou sal vergeet nie.



*Now you see them, now you don't.*

# AFFIES MAAK HUL STEMME DIK


**Die Junior Rapportryers bied elke jaar 'n landswye Redenaarskompetisie aan vir Afrikaanse skole. Reeds van die begin af het Affies getrou deelgeneem en die pap dik aangemaak. Dan is dit ook so dat Affies vanjaar drie spanne die lig laat sien het. Spanne wat voorwaar kon wys dat hulle die proef van die tye kon deurstaan.**

Heel aan die begin van die jaar is die eerste uitdun dan ook gehou. Die onderwerp het gehandel oor persvryheid in Suid-Afrika. Die spanne wat in die eerste rondte deelgeneem het was A: Laurie Botha en Johan du Preez, B: Danie Bezuidenhoudt en Ben Swart, C: Johan-Dirk Heyns en Andrew Dippenaar. Harde bene is dié dag gekou en met die uitslae was die Affies verheug gewees want, Bennie en Danie het dit reggekry om deur te dring na die volgende rondte toe. Dit was 'n baie oulike prestasie.

Dadelik is daar besef dat net harde werk en deeglike voorbereiding die knoop sal kan deurhak, want, die volgende rondte word daar gekompeteer met wenners van regoor Transvaal. Dat die kompetisie hier sterk sal wees is duidelik. Maar ten spyte van dit alles het die Affie-manne gewys wat in hulle steek. Hulle het dit so duidelik gewys dat hulle met die eerste plek kon wegstap.

Nou bly daar net die finaal oor en Bennie en Danie weet wat voorlê, maar hulle weet ook wat van hulle verwag word. Die finaal vind plaas tussen skole van regoor Suid-Afrika, soos bv. Jan van Riebeeck in die Kaap, ensomeer.

Bennie en Danie het uitstekend gepraat. Hulle het die onderwerp nl., Swart en wit aspirasies kan nie versoen word nie, deeglik uiteengesit en oortuigend gepraat deur die hele debat. Ongelukkig kon hulle nie 'n eerste plek behaal nie, maar baie geluk met die deelname en die feit dat hulle so uitstekend gevaar het.







# TOTSIENS MEESTER

**Wat beteken 2,2 diropiel etanoaaat? Dis so maklik, so maklik soos wat van die wêreld!** Inderdaad. Dit is so eenvoudig soos ons geliefde **oude meester V.d. Westhuizen** die wetenskap gemaak het.

Sal ons ooit die goedige ou meester vergeet? Tussen die werk deur vertel hy jou van "Newton se vierde wet" en al die dinge wat "vanmelewesjare" gebeur het. Daarna stoot hy weer aan.

"Maar wat, "isoleer" die meester!

**Gebore:** Heidelberg (hy is 'n Vaalpens)

**Ouderdom:** 61 jaar (ons het hom genoeg rede vir grys hare gegee, maar sy hare bly gitswart.

**Massa:** "Onbekind!"

**Kwalifikasies:** T.O.-diploma: M.Sc (Chemie).

**Rookgewoontes:** Geen (Hy het in st. 6 opgehou).

**Huwelik:** 31 jaar lank getroud met 'n "diamant" uit Wes-Transvaal.

**Kinders:** 2 dogters, 3 seuns, 4 kleinkinders.

**Musiek:** klassiek.


**Lewensloop:** Een jaar op Potch, 2 jaar op Heidelberg (waar hy klippe van die berg afgerol het om bobbejane skrik te maak). Daarna het hy skoolgehou, bedank en toe sy M.Sc (Chemie) op Tukkies kom doen.


**Aantal jare op Affies:** 27 jaar (35 jaar in onderwys).

Dit is 'n kort, onvoldoende skets van 'n man wat nie net 'n wetenskaponderwyser is nie, maar 'n goedige, opregte, gebalanseerde, **menslike** mens.

U sal altyd in ons gedagtes lewe en ek is seker al 27 generasies matrieks sal vol dankbaarheid saam met my kan sê:

TOTSIENS MEESTER. GROETE TUIS!








# *Energie*

**Hoe wonderlik is God se skepping nie? En hoe nietig staan die mensdom nie daarteenoor nie?**

Mnr. O.P.M. Prozesky van die Transvaalse Museum het ons skool in 'n reeks van drie toegeligte praatjies hieromtrent op 'n treffende wyse kom inlig. God het vir die diere die groen plante gegee om van te lewe, maar die wonder is dat die plante, behalwe deur die toedoen van die mens, nooit in hoeveelheid verminder het nie. Niks daarvan het verlore gegaan nie, behalwe dié wat die mens vernietig het.

Dit was skynbaar 'n groot deurbraak toe die mens olie as bron van energie ontdek het, maar wat hy nie kon ontdek nie, en nooit sal ontdek nie, is 'n energiesiklus waarin geen energie verlore sal gaan nie.

Die ganse natuur bestaan uit so 'n energiesiklus en in onversteurde omstandighede gaan daar geen energie verlore nie, want die natuur as 'n geheel is selfonderhoudend.

Hiermee wil ek graag vir mnr. Prozesky namens almal wat soos ek dink, van harte bedank vir sy optrede en die werk wat hy doen.

**B.J.A. du P.**
**St. 10 D**

# Kadetorkes 1979

**Die kadetorkes het vanjaar weer eens bereik wat menige ander kadetorkeste hom sal beny. Dit is egter jammer dat van ons leerlinge nie dié orkes waardeer nie. Deur al sy optredes en selfs deelname aan kompetisies dra die orkes werklik die naam van die skool uit. Al die leerlinge van die skool kan met reg trots wees op hulle orkes.**

Die orkes het vanjaar vir die derde agtereenvolgende jaar as oorwinnaar in die Pretoria-streekskompetisie uit die stryd getree. Dié kompetisie het vanjaar op 8 September op die terrein van die Hoërskool Menlopark plaasgevind. As gevolg van die feit dat die orkes goed opgerig was en 'n hoë standaard gehandhaaf het, was daar geen ander orkes wat met ons kon kompeteer nie. Ons het dié dag oor die ander orkeste geloop en hulle verpletter. Die toeskouers het doodstil en met bewondering na ons orkes se optrede gekyk terwyl hulle maar kriewelrig was toe die ander orkeste gespeel het. Ons orkes het nege van die elf trofeë gebuit. Behalwe dat ons die beste orkes was, het ons ook die beste tamboermajoor, bastamboerslaner, tenoortamboerslaners, sytamboerslaner, trompetspeler, sytamboerseksie, trompetseksie en beuelseksie gehad. Dit was die eerste keer dat so iets in Affies se geskiedenis plaasgevind het. Ons beuelblaser het 'n tweede plek behaal en ons was die tweede netste orkes in Pretoria.

Met hierdie kompetisie het die orkes die skool se naam 'n besondere eer aangedoen veral deur hul optrede buite die orkesverband. Dit is ironies dat ons Menlopark se orkes op dieselfde veld verpletter het waarop hulle ons met die rugby verneder het.

Hierna het die kompetisie om die beste orkes in die Noord-Transvaalstreek gevolg. Met inagneming van die veel hoër eise wat hier gestel is, het ons orkes baie goed presteer. Die kompetisie het op 22 September by die Hoërskool Verwoerdburg plaasgevind. Na afloop van die kompetisie is ons orkes aangewys as die tweede beste in Noord-Transvaal. Capricorn High het ons met slegs 0,1% geklop. Wat ons netheid betref het ons 'n derde plek behaal. Ons puik sytamboerseksie het 'n eerste plek behaal terwyl die tamboermajoor, bastamboerslaner, trompetspeler, trompetseksie, bevelseksie en sytamboerslaner elk 'n tweede plek behaal het. Ons tenoortamboerslaners het 'n derde plek behaal.

Die moontlikheid het bestaan dat ons orkes kon deurdring na die Transvaalse kompetisie. Daar is egter besluit om te onttrek, deels as gevolg van die posisie van die matriekulante in die orkes. Hulle moes begin voorberei vir die naderende eindeksamen en boonop sou die kompetisie die dag na die matriekafskeid plaasvind. Die orkes het nogtans vanjaar 'n hoë sport bereik want 'n mens kan nie 0,1% as verloor beskou nie. Ons orkes is ongetwyfeld een van die beste kadetorkeste in Transvaal en in die land.

Daar is egter iets wat krap. By nie een van die kompetisies was daar 'n noemenswaardige aantal van ons leerlinge om ons te ondersteun nie. As ons sonder julle steun soveel kon bereik, dink net wat kan ons vermag as julle agter ons staan. Onthou: daar is maar net een orkes, en dit is die orkes van die Afrikaanse Hoër Seunskool.



# Koorkompetisie

Op die aand van die 10e Augustus het 115 Affies-meisies, bibberend in hulle somersuniforms, op die trappe van die Unisa-gehoorsaal bymekaargekom om aan die ATKV se koorkompetisie deel te neem. Ander skole wat sou deelneem, het Menlopark, Erasmus Hoër en C.R. Swart ingesluit. Affies sou die eerste koor wees om te sing, en wit bene en al, het ons ons plekke op die verhoog ingeneem. Die liedere wat ons gesing het, was "Bethlehemse ster" en "Intog van die lente". Ons dirigente was mev Villiers en mev. van Niekerk het ons begelei. Alhoewel ons na afloop van die kompetisie nie as een van die wenners aangewys is nie, was dit 'n opwindende ondervinding om voor 'n groot gehoor op te tree. Ons sal nooit die aangename en prettige oefeninge saam met mev. Villiers vergeet nie! Waar in die wêreld kry 'n mens nóg so 'n sangonderwyseres?

Die uitslae van die kompetisie was: eerste: Menlopark; tweede: Silverton en derde: Voortrekkerhoogte.

Aan mev. Villiers en mev. Van Niekerk wil ons baie, baie dankie sê vir hulle harde werk. Ons het heerlik saamgewerk.

**Hannelise Brand St. 8**

# Vakansie in vreemde lande

**Agt Affies en twee Affie juffrouens het die afgelope vakansie die buiteland ingevaar. Met die woorde: "Gee pad Parys, hier kom ons", het ons op die Charles de Gaulle lughawe gearriveer. Ons het gou aangepas en kort voor lank soos wafferse Parysenaars in die moltreine rondgejaag. Brussels, waar ons in die vroeë oggendure in die strate gedans het, was volgende op die lys. In Londen het ons die eerste keer met oorsese televisie kennis gemaak en sommer met die intrapslag na Batman en Kojak gekyk.**

In Amsterdam het sommige van ons fietse gehuur en tot die ontsteltenis van menige Hollander oor al die rooiligte gery. In Frankfurt het daar 'n paar skokke op ons gewag. Ten eerste was daar niemand om ons op die lughawe te ontmoet nie en ons moes met publieke busse en ons eie twee voete by ons woonplek kom. Tweedens het ons in die plek van 'n hotel in 'n jeugherberg geland. Ten spyte van al hierdie dinge het ons egter 'n genotvolle tydjie agter die rug gehad.

Niks kon hierdie Afrikaners van berg Titis in Switserland afhou nie. Met bevrore hande het ons sneeuballe na mekaar geslinger en glygly oor die sneeu gehardloop. Nog minder kon ons van die Switserse sjokolade afbly en die gevolge!

Venesië, Florence en Rome was 'n heerlike, warm ondervinding en ons dae was gelaai met roomysaankope. Die laaste dag op Nice het ons besluit dat die strand net die regte ding was vir ons bleek Suid-Afrikanertjies. Rooi en seer het ons op ons vertraagde vlug gesit en wag. Sondag 29 Julie moes almal aan die knop in hul keel sluk toe ons ons ouers groet. Nog nooit was ek so bly om weer in goeie ou Suid-Afrika te wees nie.




**Vanjaar was 'n redelike goeie jaar vir Affies se skaakklub. Met vier spanne ingeskryf in verskillende ligas, en nog 'n paar spelers wat nie spanne kon haal nie, was daar tussen vyftig en sestig aktiewe spelers in ons klub.**

**Onder leiding van mevv. Bester, Van der Westhuizen, Smit en Kemp en mnr. Marais het ons feitlik elke Maandagmiddag geoefen en Vrydae wedstryde gespeel. Ons eerste- en tweedespan in die A- en B-liga, het derde plekke behaal en ons derde en vierde spanne in die C- en D-liga het vierde plekke behaal.**

**Baie dankie vir almal wat hulle deel bygedra het om vanjaar 'n suksesvolle skaakjaar te maak.**

## Redaksie: Stroom-op 1979

| | | |
|---|---|---|
| Redakteur/trise: | Booysen, R. — Oosthuizen C. | |
| Sub-Redakteur: | Botha, L. | |
| Fotografie: | Bezuidenhout, D. — Groenewald M. | |
| Algemeen: | Van Staden, D. | |
| Kultureel: | Heyns, J. (Hoof) | |
| Sport: | Kent, J. | |
| | Kemp, W.R. (Hoof) | |
| Spotprente: | Kruger, C. | |
| Vermaak: | Pretorius, R. | |
| Addisioneel: | Reynecke, D. | |
| | De Vos, B. | Nel, H. |
| | Knipe, F. | Van Rensburg, M. |
| | Kruger, P. | Kosny, U. |
| | Le Roux, B. | Botha, M. |
| | Delport, C. | Both, L. |


## Hoekie vir Eensames

**Andries Schreuder**
"Iran-man" van Arcadia is 'n regte ou breker. Hy is 5 vt 3 dium lank, en nie breër as 'n meubeltrok nie. Sy voorliefdes is o.a. ballet en die beeldende kunste. Meisies tussen die ouderdomme van 32-38 kan gerus skryf.



**Willem de Beer**
"Wimpie van Wouterkloof" is 'n 20-jarige jongman wat nou van kadette, blink skoene en kort hare. "Wimpie" is ook 'n aktiewe lid van die Voortrekkers en is baie opreg. Jong boeredogters wat sy liefde kan waardeer kan gerus skryf. (geen rokers of drinkers)

**Koos Huisamen**
"BEER" is 'n 18-jarige dier met 'n groot kop, breë hande, breë voete, 'n breë lyf en 'n vreeslike harige huid. Jong rosies wat hou van troetelbeertjies en kosmaak kan gerus korrespondeer.




**Herman van Rooy**
"Dubbeldekker sluier" is die ou met die "tit chicks". Sy voorliefdes is middelpaadjies, Gold Dollar en Vodka. "Dubbeldekker" meen dat hy basies enige "chick" kan "handle" maar sy voorkeur is 11-jarige vrouens wat Lexington stook.

**Leon Sauerman**
"Johnny van Jo'burg" is 'n 12-jarige straatvegter wat alewig met 'n duikbril rondsluip. Hy is baie manlik en het 'n snor soos 'n plaastelefoon (2 kortes en 'n lange) Rowwe meisies wat hou van kaalvoetloop, straatgevegte en blou kolle kan gerus skryf P/a: John Vorster Plein, Eloffstraat 007 Jo'burg.

**Louis Botha:**
"Witblits van Worcester" is 'n 31-jarige oliebol wat hou van 'n Cortana vet ses (of is dit nou cortiña) met wolletjies of die dash, poppies aan die spieël, lemoene of die lugdraad, breë, silver mags, ses ligte van voor, 8 pype van agter en 'n "heavy paint job". Vrouens wat hou van crimpelene rokke en kaalvoete moet gerus "phone"



Stillewaters van Sasolburg is 'n kort poppie wat die lewe met vier oë sien. Sy het ondervinding in individuele klasse in chemie en haar stokperdjies is akademie en Romeinse etes. Sy soek broeders om mee te bodder. Helde wat kan val sal voorkeur geniet.



**Diepseun**

**Foto: John Haines**

"Heart of gold" is 'n 15-jarige bruinoog seuntjie wat lief is vir boks, stoei, straatgevegte en karre. Jong meisies tussen die ouderdomme van 11½ en 12, wat **opreg** is kan gerus skryf.

# Lina Spies besoek Affies

**Die bekende digteres Lina Spies het 'n besoek aan Affies afgelê en 'n onvergeetlike relaas oor die skryfster, of eerder, die vrou in die Afrikaanse Letterkunde, gelewer. Juffrou Spies meen dat poësie universeel is, dit wis grense tussen mense uit, oorbrug tyd en afstand. Sy het drie digteresse uitgesonder, nl. Elizabeth Eybers, Olga Kirch en Sheila Cussons.**

Elizabeth Eybers was van die eerste vroue wat bereid was om haar diepste menswees in Afrikaans bloot te lê. Sy bly aan haarself getrou alhoewel sy haar naderhand agterlaat. Elizabeth Eybers het die hele wêreld van vrouwees in haar poësie ontgin. Volgens D.J. Opperman is haar "Maria" onsterflik. Hy maak ook 'n onderskeid tussen "manlike" en "vroulike" poësie. "Vroulike" poësie handel oor ontvanklikheid, 'n droomsfeer, soos bv. die beeld wat Elizabeth Eybers van haar ongebore kind skep. "soos 'n lig deur 'n kristal deur my gevloei". Elizabeth Eybers toon in haar poësie aan die hele wêreld haar gevoeligheid vir haar omgewing, die seisoene.

Met dat sy ouer en wyser geword het, het die oordadigheid uit Elizabeth Eybers se poësie verdwyn. Haar digkuns was nou tot op die been gebeitel tot ware, skone kuns.

Sy het verskeie pryse ontvang bv. die Hertzogprys in 1973 vir haar bundel "Kruis of Munt" en die CNA-prys in 1977. Olga Kirsch is vir Lina Spies die stem van die Jood in diaspora, 'n verrykende Joodse stem in Afrikaans. Sy het altyd 'n vreemdeling gebly, alhoewel sy in Suid-Afrika gebore is en opgegroei het, soos duidelik na vore kom in haar gedig "Mure van die Hart." In haar digbundel "Geil Gebied" is haar omgewing vir haar 'n letterlike oasis, die wêreld van die gedig waar alles moontlik is, selfs volkome geluk en liefde. Die gedig kan alles vervolmaak. Rondom hierdie volmaaktheid is die harde werklikheid wat daaraan knaag soos die woestyn aan 'n oase. Vir Olga Kirsch is die romantiese verlange, die Sionistiese droom om terug te keer na Israel nooit vervul nie. Sy is wel woonagtig in Israel, maar verlang tog hartstogtelik terug na Suid-Afrika. In haar poësie vind sy 'n uiting vir hierdie verlange.

Sheila Cassons se poësie sluit aan by die van Olga Kirsch wat die religieuse stemming aanbetref. By haar is daar 'n positiewe ingesteldheid op God. Anders as Elizabeth Eybers wat te "menslik" leef, kyk sy na die wêreld met die oë van 'n skilder, die "helder spel van "sien" soos sy dit noem. "U klewe aan my kyker vas", kan as die sleutel tot Sheila Cussons se werk beskou word. Sy sien God daagliks in die Skepping, sy het 'n ontsaglike smagting na die ontvangs van God. Sy skryf 'n gedig wat oor Martha handel wat so graag soos Maria wou wees. In haar smagting en soeke na God, vereenselwig sy haar met Martha. Met haar fyn kunssin, vereenselwig sy die mees onversoenbare dinge met mekaar, bv. 'n varkhok met die Ou Testament.

Lina Spies sluit af met 'n kort bespreking oor Antjie Kroch, 'n jong digteres wat dig oor meisiewees en vrouwees. Daar kom wel jeuggebreke in haar digkuns voor, maar dit gaan gepaard met 'n groot sterkte. Anders as in die werke van Elizabeth Eybers, kom daar 'n groter uitbundigheid in haar werke voor, met Bybelverwysings daarby ingewerk. Elizabeth Eybers se gedigte is baie beheersd en in streng sonnetvorm, terwyl Antjie Kroch wegbreek met huppelende vers.

Laastens wys Lina Spies op die sterkste kenmerk in elk van die digteresse se gedigte:

Olga Kirsch — versigtig, proeproe, sober
Sheila Cussons — tekenend
Antjie Kroch — jubelend
Elizabeth Eybers — seker

**Ronélle Meyer**

# *Beste Standerd Ses*

**Ek wens ek kon vyf jaar in 'n handvol woorde sit. Ek wens ek kon regtig vertel wat vir jou voorlê. Ek wens ek kon dat jy my glo as ek sê dat jy in die vyf jaar wat kom, baie gaan lag én meer gaan huil as wat jy dink moontlik is vir een mens. Duisend maal gaan jy — 'n groot avontuur! — skelm by die klein trappies afstorm. Hier sal jy leer dat "weer eens" twee woorde is.**

In hierdie vyf jaar sal jy deur baie stadiums gaan, die party-stadium, die tiiiit-stadium ens., ens., ens. en dan eendag is jy in matriek. Dan kom jy nie meer by die skooldebat aan soos 'n bladsy uit Vogue of met die laaste modebepalinkie behang nie, maar sommer met jou "cream"-romp en 'n T-hempie. Jy sal nie meer so 'n heldeverering virmense hê nie, want jy sal al lankal ontnugter gewees het. Teen hierdie tyd het jy al dié om jy deurgekyk en jy sal uitvind dat jy 'n paar maats kan hê vir wie jy lief word. Jou sosiale lewe sal verby Seunshoër gevorder het en jy sal wonder hoe jy ooit kon! Jy sal ook in ongeloof staar hoe dáárdie jaar se standerd sessies vir die bus storm. Jy sal besef dat jy reeds die dinge van jou hoërskoollewe afgelê het, maar jy sal verbaas wees dat jy nog kan hardloop na 'n volgende klas, na Juf Hönck 'n ketting aan haar deur gesit het. Jou matriekafskeid sal voorafgegaan word deur 'n atmosfeer van heerlike halfhisterie. Vyf minute voor jou ou jou kom haal, sal jy nog gou voor die spieël oefen hoe jy hom gaan voorstel en dan is die oomblik daar. "Juffrou Holtzhausen, dit is Piet Skiet . . ." Daardie aand groet almal mekaar, of jy hulle nou ken of nie. Halfpad deur hierdie jaar sal jy weet dat jy nou genoeg gehad het en gereed is om weg te gaan. Eers dan sal jy regtig kan verstaan wat die veelbesproke "negatiewe stadium van die matrieks" in der waarheid is. Daardie jaar sal jy vir die laastekeer die Hallelujakoor so hoor sing. Geniet jou vyf jaar, my kind. Jy sal dit nooit wil oorhê nie, maar altyd wil onthou.

Baie liefde

**Die Matriek**

# AFSONDERLIKE ONTWIKKELING VIR GEMENGDE DEBAT

**Voel jy jonk, het jy lus vir die lewe en hou jy daarvan om uitdagings aan te pak? Indien wel, lees hierdie berig verder!**

Die laaste Afrikaanse Debat van 1979 is gehou op Vrydag die 14e September te AHS. Dat die standaard van die debatte verhoog het gedurende die afgelope paar jare is nie te versmaai nie. As ons dink dat skaars drie of vier jaar gelede was die manne nog onervare sprekers wat nie geweet het hoe om te piep nie.

Die onderwerp was miskien 'n bietjie aan die moeilike kant, want "Afsonderlike ontwikkeling is die oplossing vir Suid-Afrika se huidige probleem" is beslis 'n hele mondvol. Die inleidende sprekers was: C. Hemmingway, C. van der Merwe en R. Horn gewees, terwyl die teenstellende span uit B. le Roux, P. Daniels en C. Bester bestaan het. Altwee die spanne het gewys dat deeglike voorbereiding en 'n ordentlike toespraak die knoop deurhaak.

Nadat elke spreker sy sê gesê het, is die vloer oopgestel vir bespreking. Dadelik kon 'n mens sien dat Affies 'n wakker klomp is, want elkeen wou of iets sê of die een of ander span vastrek met vrae. 'n Oorlogskreet het van die vloer losgebars toe hulle die ontstellende nuus hoor van "Een man een stem". Reaksie is hierdeur van die donkerste uithoek van die saal verkry. Die voorsitter, Laurie Botha, het voorwaar sy twee hande vol gehad om die gehoor te beheer. Nou en dan kon 'n mens duidelik sien dat hy 'n trek van bekommernis op sy gesig gehad het. Nieteenstaande die woelige gehoor of sprekers, kon hy tog daarin slaag om alles ordelik te laat verloop.


Met die horlosie op nege-uur en 'n klomp ouens wat nog iets wou sê, het die magtige Skrik Viljoen besluit dat dit nou tyd geword het om koshuis toe te gaan (om wat te doen sou net hy weet . . .). Op 'n sarkastiese, dog elegante wyse, sêvra hy dat ons asseblief afsonderlik moet ontwikkel en dat die uurglas leeg loop. Hy bedank die voorsitter dan ook dat hy as laaste spreker kon optree.

Die voorsitter vang toe dié skimp en vra dat daar tot stemming oorgegaan moet word. Die uitslag was oorweldigend aan die kant van die inleiers. Die stemming bewys dan dat Afsonderlike Ontwikkeling die oplossing vir Suid-Afrika se probleem is.

Dit is dan die Afrikaanse Debatsbestuur van 1979 se voorreg om aan almal wat gedurende die jaar as sprekers in debatte opgetree het te bedank. Graag word diegene bedank wat hulle stemme dik gemaak het tydens die vloerbesprekings. Aan die onderwysers, en spesifiek mnr Le Roux, wat sowaar meer as hulle beskeie plig gedoen het, baie, baie dankie. U hulp is van groot belang en ons sien dit wat u vir ons doen as 'n groot voorreg.

Hiermee word alles dan afgesluit vir 1972. Die debatpad móét verder geloop word in die volgende jare, daarom hoop ek dat daar elke keer meer en meer by die debatte betrek sal word. Onthou! "LAAT DAAR LIG WEES!"



# AHM-Matriekafskeid

**Vrydagaand, 21 September, was Mesieshoër se matriekafskeid. Dit was die aand waarna elke matriekdogter vir 5 jaar uitgesien en oor gedroom het. Die st 9's en hulle ouers het ons nie in die minste in die steek gelaat nie.**

Die hele saal was omskep in 'n dorpie gedurende die goudstormloop, met aanwysingsborde en die pragtigste gebrandskilderde glasvensters. Van 'n baie groot spasie, het die st 9's dit reggekry om 'n baie persoonlike atmosfeer, te skep.

Die eetsaal was 'n eenmalige belewenis. Pragtige handgeskilderde lampies, met kerse, was op die tafels en die hele voorkoms was romanties en het getuig van keurige versorging. Die programme is 'n aandenking wat elke dogter "in haar trommeltjie sal sit om ouetehuis toe te neem".

Die non-dansers se koffiekroeg was gemaak met strooibale en pragtige geverfde décor met bottels en outydse ornamente, Twee studente het met hulle viool- en kitaarspel bygedra tot die wonderlike stemming.

Die matrieks kan net al die betrokke mense hartlik bedank vir al hulle moeite. Die harde werk, vriendelikheid en moeite van die ouers, die st 9's en kunsleerlinge onder mev. Maree se leiding, het nie ongesiens verbygegaan nie.

Dankie



# Kunswedstryd — Affies skitter

Die volgende leerlinge neem deel aan die kunswedstryd en presteer almal uitstekend.

St. 6

1. Anel Kotze — gedramatiseerde prosa.
2. Kathy Collett — gedig
3. Jannette Muller — gedig
; 4. Dina-Marie Smit 21. Gedig
   2. Monoloog
   3. Prosa

St. 7

1 1. Elmarie Potgieter — 1. gedig
   2. prosa
2. Solet v. Blerk — 1. gedig
   2. prosa
3. Cobie Lemmer — 1. Monoloog
   2. Karakteruitbeelding
4. Lyzette Yssel — Monoloog.

St. 8

Magda Viljoen — 1. Gedig
2. Komiese voordrag

St. 9

Ronelle Meyer

St. 10


Annelise Vorster — 1. Voordragkonsertprogram
2. Monoloog
3. Gedig
4. Prosa
5. Sangduet St. 10
6. Sangduet Oop
7. Meerstemmige sang.

Behalwe haar 2 medaljes, 8 goue en 2 silwer sertifikate kry Annelize ook die beker vir voordrag.



# Hamlet-hierargie

Juf. Holtzhausen: "With all our majesty and skill . . ."
Mev. Schoeman: "hic et ubique?"
Mev. Senekal: "How is it that the clouds still hang on you?"
Juf. Bothma: "Let her not walk 'th' sun"
Juf. Basson: "Sleep rock thy brain"
Mev Boonzaaier: "Give every man thy ear, but few thy voice"
Mev. Wilkens: "Illo, ho, ho!"
Mev Bauer: "I will be brief"
Interkom: "I have news to tell you"
Mev. Scholtz': "What would he do, had he the motive and the cue for passon that I have?"
Mev. Nel: "Now could I drink hot blood"
Mev. Maritz: "Give us that man that is not passion's slave, and I will wear him in my heart's core, ay in my heart of heart, as I do thee."
Mev. Venter: "The lady doth protest too much me thinks."
Mev. Pienaar: "Have you heard the argument? Is there no offence in't?"
Mev. Boardman: "You are as good as a chorus, my lord"
Mev. Buitendach: "Lights, lights, lights!"
Juf. Hönck: "Sure he that made us with such large discourse, gave us not that capability and god-like reason to fust in us unused."
Mev. Snyman: ". . . either for tragedy, comedy, history, pastoral, pastoral- comical, historical-pastoral, tragical-historical, tragical-comical-historical-pastoral, scene individable, or poem unlimited."




# *Krappie se raad*

Liewe Krappie
Ek is 'n bekommerde senuweewrak. Ek ondervind al nagmerries oor my Wetenskappunte. Ag, is daar nie dalk raad vir my nie? Kan u my nie dalk meedeel hoe om te leer nie? — Dimpels
Antwoord: Dimpels, dit is werklikwaar nie nodig om 'n senuweewrak te wees nie. Sit net pens-en-pootjies op jou bed met jou radio langs jou. Moenie die snoeperye vergeet nie. Jou kêrel se briewe sal jou ook bemoedig. Jy sal sien jou kennis sal vermeerder. (Ek weet net nie waarvan nie).

Krappie
Ek is 'n brildraende, skoolgaande wese. Ek het egter net een probleem, naamlik dat my bril wasig word as dit reën. Wat moet ek doen? — Brilletjies
Antwoord: Dra ruitveërs.

Ag, Krappie hoe kan ek die enigste man in my lewe se hart versag? — Muis
Antwoord: Gooi Sta-soft in sy koffie en vleisversagter op sy kos.

Beste Krappie
Ek het muisneste. Hoe kan ek daarvan ontslae raak? — Verlief
Antwoord: Gebruik Presto-Kill.


Krappie,
Ek is verlief. Ongelukkig is hy so verhewe dat dit onmoontlik sal wees om hom te bereik. Gee my asseblief raad. — Pinkie.
Antwoord: Neem 'n leer en klim versigtig op na hom.

Liewe Krappie
Ek is vet. Help my om maer te word.
Antwoord: Eet enige ding wat jou hart begeer. MAAR moenie dit insluk nie.

Ag, Krappie, ek is 'n skreeulelike Affie. Help my! (snik . . . snik)
Antwoord: Raak verlief.

## *"Kaas"-aanhalings vir elke geleentheid!*

Die leerlinge: "Brave, beste leinderen"
Juf. Holtzhausen en mnr. Roesch: "Ik sit in het middel en ik ben die brein"
Matrieks na rekordeksamen: "Ik ben uitgebloed"
Hoof van snoepwinkelkomitee: "Eeten moeten de menschen toch"
Leerling voor hoof se lessenaar: "Hij staat moedernaakt op die wêreld"
Leerling aan onderwyser(es): "Dat noem ik een waarheid als een koei".





# 'Poet's Sphere' titels

**'n Onderwyser as hy die rye kinders sien stap.** — A flock of sheep that leisurely pass by"
**Matrikulant aan sy vriend na die eindeksamen.** — "All through that summer at ease we lay"
**Matrikulant na die eksamen.** — "It is good to be out on the road, going one knows not where"
**Leerling as hy by mev. Bolt verbyloop.** — "Three lovely notes he wistled, too soft to be heard"
**Selfvoldane lid van die blaasorkes** — "We are the music makers"
**Leerling aan sy vriend nadat hy "getugtig is** — "Give thy thought no tongue"

**Onderwysers:**

**Mnr Grobbelaar:** When a saint comes wandering by"
**Mnr. Roesch:** "Be kind and tender to thy chief"
**Mnr. Marais:** "Free wheering down the escarpment past the unpassing horse"
**Mnr Van Staden:** "My parents kept me from children who were rough"
**Mnr. Booysen (tydens haarinspeksie):** "The eye can hardly pick them out"
**Mnr. Raath & Van Rensburg:** "The two executioners stalk along over the knolls"
**Mnr. v.d. Westhuizen:** "When I consider how my life is spent" of "when you are old and gray and full of sleep"

**Mnr. Pretorius (nadat Menlopark ons besoek het):** "They have such scores of lovely gifted girls"
**Mnr. Loubser:** "Loviest of the trees is the cherry now"
**Mnr. Mills:** "Mocavity's a Mystery cat: he's called the Hidden Paw."
**Mev. v.d. Merwe** "I think I can turn and live with the dogs"
**Mev v.d. Westhuizen:** "Isabel met an enormous bear" of "The kitten that walked with a swagger in her tail"
**Mev Bolt:** Beautiful is it to see" of "she walks in beauty, like the night"




## Definisie van:

(a)**KANTOORDEURE**
Poorte van die dood.

(b) **PERSONEELKAMER**
Plek waar die gode fluister.

**FASES VAN 'N DRUIPELING**

1. Bekommernis
1. Histerie
3. Bedruktheid
4. Die vraestel
5. Moedeloosheid
6. Agterlosigheid
7. Die punte
8. Selfmoord

**Wat is slegter as 'n halwe wurm in jou paw-paw, 'n hok vol siek, melankoliese, mank makoue, inflasie of kitaar in jou neus?**
**Wat is erger as ingroeitoonnaels, aambeie, 'n vrot eier op jou nugtermaag, inflasie of infeksie?**
**Wat is slegter as 'n dak wat lek, 'n hond wat jou valstande opkou, 'n liefdesteleurstelling of bankrotskap?**
**Wat is erger as 'n dubbele ken, 'n Jimmy Carter-toespraak, depressie, runderpes of slaaploosheid?**
**Wat is slegter as 'n elektriese ketel wat uitbrand, spysverteringprobleme, 'n skop onder jou bas.**
**Wat is erger as Andy Young, 'n omgekeerde dubbelbed, puisies, ontembare hormonale bevliegings, 'n broek wat tussen 'n skare mense afval?**
**WAT IS 'N GROTER RAMP AS AL HIERDIE DINGE SAAM?**
**AFFIES SONDER ADMINISTRATEURSBEKER**

# Ses Affies neem Graskop op horings

**Ses opgewonde Affies het sesuur die oggend die bus voor die blou hekke bestyg. Al wuifend het ons 'n koue, bedenklike juffrou Hünck agtergelaat. Na twaalf ure se ry het ons uiteindelik op Graskop aangekom, moeg en bedremmeld. En waar gaan ons slaap? In houthuisies, glad nie dig nie, tussen reuse dennebome, geen teken van beskawing in sig nie!**

Ons het die bagasie afgepak en vir die oom gelag toe hy sê dit gaan reën; die lug is dan skoon met geen wolk in sig nie! Maar watwo! Toe ons die volgende oggend styf en seer na die ongemaklike slapie op die harde koue vloer wakker word, was die wêreld nat en ysigkoud. Saterdag het ons in die dennebos gaan kamp, elke groep in sy selfgemaakte skuiling. Ons moes ons eie vleis braai en pap maak in groot, blink emmers. Groot was die konsternasie toe die emmers begin smelt en die klippe wat om die vuur gepak was begin ontplof! Gelukkig het oom André vir ons almal pap gemaak in die groot swart potte en niemand het honger gaan slaap nie.

Laat die nag word ons almal wakker gebulder deur oom Andre. Dit het weer begin reën en ons moes die rugsakke pak en teruggaan kamp toe. Gly-gly en val-val is ons oor die rivier, die Affies natuurlik al singende, al het daar 'n reuse nat modderkol op party agterstewes gepryk. Natuurlik het een van die Affies van die nou bruggie oor die rivier afgegly en ingeval, maar dit was alles deel van die pret. Sondag het ons stil en stemmig deurgebring en na baie interessante lesings geluister.

Maandag, was dit rugsak pak en grot toe stap. Wat 'n ondervinding. Die natuurskoon was onbeskryflik mooi en die laaste, steil entjie op grot toe, sal ons nooit vergeet nie. Daar was varings in oorvloed, selfs bobbejaantoue wat Tarzan ons sou beny en boonop nog die allerfraaiste watervalletjie. Dinsdag is ons voor ontbyt terug kamp toe. Die res van die dag het ons na lesings geluister en laat die middag weer opgepak om Klipkraal toe te stap. Baie ver en teen 'n baie gemaklike pas het ons gestap. Klipkraal was vlak by die Fanie Botha voetslaanpad, 'n heerlik, beskutte "park" met reuse rotse regrondom. Die aand gaan daar kampvuurkonsert gehou word en die seremoniemeester(es) is 'n Affie natuurlik! Elke Affie het in sy onderskeie groep sy deeltjie gedoen en trots verborge talente ten toon gestel. Waar 'n wil is, is 'n weg!

Woensdag het ons sonder rugsakke al met die voetslaanpad langs gestap. Langs duiselingwekkende afgronde, oor kabbelende stroompies en deur lieflike inheemse woude het ons gestap en eers laat die middag weer Klipkraal bereik.

Donderdagoggend het ons teruggegaan kamp toe. Die oggend het ons die leiersbaan voltooi. Elke groep kry 'n probleem, 'n krans wat oorbrug moet word of 'n reuse afgrond om oor te steek, met die minimum hulpmiddels en boonop word daar 'n tydsbeperking ook gestel. Na middagete het ons die hindernisbaan voltooi, die absolute hoogtepunt van die kamp. Met styftoegeknypte oë het ons met toue oor riviere geswaai, oor hoë hindernisse geklouter, onderdeur modderige stompe gekruip, al langs dun boomstompies, oor aaklige afgronde gewankel en dan met toue tot onder gegly en asof dit nie genoeg was nie, moes almal deur die ottergate gaan, diep, moddergevulde slote, ongeveer 500m lank wat jou voete vassuig en kort-kort is jou kop ook sommer onder. Maar proessend en glimlaggend het 'n ieder en 'n elk anderkant uitgekom. Die laaste hindernis was 'n wiegende toubrug oor die rivier en so al swaaiende, met gepaste byklanke, is almal oor die rivier — net sommiges het ingeval . . .

Donderdagaand het 'n nagmars en lanternbekruip beteken. Tot baie laat in die nag het groepies bang meisies in groot woude tussen reusagtige bome verdwaal en met bewerige stemmetjies maar liewer begin sing as om verder te loop.

Vrydagoggend het almal laat geslaap en na ontbyt het ons die kamp opgeruim en na die een oorkant die rivier getrek. Die veldskool was agter die rug en ons sou om middernag vertrek. Niemand het 'n oog toegemaak nie en ons het lank gesing en al om die vuur volkspele gehou.

Ons sal altyd met 'n tikkie deemoed terugkyk na hierdie onvergeetlike avontuur en onthou wat ons geleer het en na die beste van ons vermoë probeer om die ervarings met ons saam te dra en toe te pas op ons daaglikse lewens.

LANK LEWE VELDSKOOL GRASKOP

**Ronélle Meyer**

# Aan al die Affinas

Affina, wil jy mooi, lewenslustig en slank wees? GEBRUIK ONS TRIMBAAN. Ai, hoe wonderlik sal dit nie wees om 'n hele skool slanke, fikse Affinas te wees nie! Dit sal nie net ons moontlikhede vir aanstaande jaar se atletiek verbeter nie, maar ook jou werksvermoë. Affina, weet jy hoe voel jy na 'n halfuurtjie by ons Trimbaan? Vars, lewenslustig en sommer . . . ja, sommer lus vir die hope en hope Wiskunde, Biologie of enige ander vak. Affina, kom ons probeer almal om fiks en slank te raak. Of hoe voel jy?

**Mardé**

# INTERHUIS-LANDLOOP

**Vrydagmiddag 14 September 1979 was landloopdag vir die Affies. Die seuns en meisies het gereedgemaak vir die lang pad. Daar kon twee deelnemers per klas uit elke huis deelneem.**

Baie hardlopers het dit as 'n pretdraf beskou, maar aangesien daar vir elke wenner per ouderdomsgroep 'n goue medalje gewag het, was die kompetisie vir die paar voorste hardlopers baie straf.

Vir baie seuns en meisies was dit nie so maklik as wat dit gelyk het nie. Dit het aan hulle bewys dat 'n mens nie sommer 'n 8,45 km kan aanpak sonder voorbereiding nie.

Die sukses van die dag is gemeet aan die hoeveelheid hardlopers wat deelgeneem het. Daar was 'n magdom entoesiastiese hardlopers.

Dit blyk duidelik uit die uitslae dat die koshuis die beste voorbereid was. Hulle het net 63 punte teen hulle gehad met die naaste span aan hulle, die Elande, wat 149 punte teen hulle gehad het.

Die volgende leerlinge was die wenners van goue medaljes:

**4,5 km wedloop:**

**Seuns**

O/13 Riaan Pretorius
O/14 Kobus Pretorius
O/15 Johnny Grosskopf


**Dogters**

O/13 M. Smit
O/14 N. du Toit
O/15 Lilian Hanekom
O/16 Wilma Swanepoel
bo/16 Ilse Evans

**8,38 km wedloop:**

**Seuns**

O/16 R. van Aswegen
O/17 R. Pretorius
O/19 K. Odendaal




# Visrivier-staptoer

**Die mense sê altyd dat Suidwes diep in 'n mens se hart inkruip. Die Avontuurvereniging, waaronder± 12 Affies was, het Julievakansie gaan vasstel of dit waar is, toe ons in die Visrivier-skeurvallei gestap het.**

Vrydagmiddag, 13 Julie het ons gewapen met rugsakke en stewels by die vertrekpunt — by mev. De Vos se huis — begin. Die lang busrit het in aanvang geneem nadat almal rustig geword het. Die volgende oggend het ons die onvergeetlike Augrabiese watervalle besoek.

Styf en seer het ons laatmiddag by die uitkykpunt — vanwaar ons in die skeurvallei sou afklim — aangekom. Ons het die ontstellende nuus verneem dat ons nie voor Maandag sou kon afklim nie.

Vroeg-vroeg Sondag moes ons uit die vere — hoekom? Ons slaapsakke het natgedou. A.g.v. die onderwysers se wonderbaarlike oortuigingsvermoë, het hulle die wildbewaarder oortuig sodat ons Sondagmiddag in die skeurvallei kon afklim.

Met die afklim moes mens kortkort seker maak of jou bene nie van jellie gemaak was nie, want dit het naderhand so gevoel Onder gekom, was die soel sand'n wonderlike verandering na die ruwe, harde, hoë rotse. 'n Paar malles, o.a. ook Affies, het in die yskoue rivierwater gaan swem. Die De Vosse, juf. Venter e.a. het hulle bewyer om vir ons 'n heerlik bord stomende kos voor te sit — blikkies soutvleis en kapokaartappels. Om die kampvuur is heerlike saamgesing onder die wye sterrehemel van Suidwes.

Dit het 'n ritueel geword met die natdou van die slaapsakke — net om dit later te moet droogmaak. Veral die Maandag het iets gebring wat blywend was — blase op jou voetsole! Die oorsaak was die dag se stap oor klippe en rotse. Elke oggend moes 'n mens toe eers voete dokter as jy die dag wou stap.

By die swaelbronne was daar darem iets luuks — warm water, al kon jy nie die toevoer beheer nie.

Om die kampvuur kon 'n mens o.a. na Jan Spies-stories en verskeie televisie — e.a. bekende vermaaklikheidspersone geluister het. Oom Schalk het ons ook vermaak met sy stories en het allerhande nuwe liedjies geleer. Na 'n paar dae sonder lekkernye, het 'n gebraaide malvalekker darem vorentoe gesmaak — al moes jy dit met iemand deel.

Nog iets wat ons nie sal vergeet nie, is die vallery in die rivier. Arme Eugene wat voor gestap het, moes dit telkens ontgeld en het vele kere op die gladde klippe gegly. Telkens het ons met die kameras gereedgestaan om die spektakel op film vas te lê.

Die sand het naderhand orals ingekruip, in jou skoene, in jou hare, ens.

Die gewyde atmosfeer van die oggendgodsdiens voor elke dag se stap in die ongerepte met die majestueuse berge as beskerming en die rivier se rustige kabbeling, het 'n indruk gemaak wat ons nie weer sal vergeet nie.

Ons was toe taamlik bly om op 'n triestige, reënerige Vrydagoggend in Ai-Ai aan te kom. Ons het die arme winkel stormgeloop. Teen dertig sent het ons 'n warm, stomende bad gehad wat ons seker nie gou sal vergeet nie. Arme juffrou Graupner e.a. moes tot later wag omdat die warm water opgeraak het. Na 'n lekker, reënerige braaivleis, het ons weer in die pad geval. Ons wou nou weer Pretoria toe. Na± een-en-twintig uur het ons moeg, maar gelukkig en tevrede, ons eindbestemming bereik. Die pragtige natuurskoon is vasgelê op film en was 'n sensasie wat 'n mens nooit sal vergeet nie. Dit was 'n wonderlike voorreg om 'n week soveel nader aan die natuur te leef.

**Annette Botha 9D**

# VYFKAMP

Affies!! Het julle al van vyfkamp gehoor? Dit is die geselligste, veelsydigste en interssantste sportsoort wat op Affies aangebied word. Ons swem, hardloop, skiet, sekrm en spring sowaar met perde bo-oor hindernisse. Mev. de Vos is so vriendelik om ons gereeld op opwindende uitstappies te neem na haar pragtige plaas. Daar leer en vertel sy ons meer van perde en die perdrysport.

Die vyfkamp is alles pret en goeie oefening om daardie figuurtjies in toom te hou. Sorg dus dat julle almal teenwoordig is met die volgende oefening. NS: Vir verdere navraag kan met juf. Graupner inverbinding getree word.



# Interhuisrugby 1979

**Vanjaar het die interhuis-rugbykompetisie op Donderdag 30 Augustus en Dinsdag 4 September plaasgevind. Soos verlede jaar was die Koedoes weer die gunsteling span om te wen, maar hulle het nie met die Koshuis rekening gehou nie.**

Op Donderdag 30 Augustus het die Koshuis teen die Elande en die Koedoes teen die Hartenbeeste gespeel. Die wedstryd tussen die Koedoes en Hartebeeste het in 'n bloeddorstige stryd ontaard. Die appels het geswaai en die bloed het gevloei. Die betrokke wedstryd is deur die Koedoes gewen nadat Louis Hattingh 'n drie gedruk het.

Die wedstryd tussen die Elande en Koshuis was gekenmerk deur die Koshuisspan se samespel. Die Elande het verwoed teruggeveg en 'n goeie wedstryd gespeel. Hulle kon egter nie daarin slaag om die Koshuis in toom te hou nie. Die wedstryd was gekenmerk deur die Koshuis se harde dryfspel wat vrugte afgewerp het. Die Koshuis het gewen met 30 punte teenoor 7. Dit was 'n skoon wedstryd maar twee van die Koshuis se ervare spelers moes die veld weens onvermydelike omstandighede en misverstande verlaat.


Op Dinsdag 4 September het die finale wedstryd plaasgevind. Die Koshuis het teen die Koedoes kragte gemeet. Die Koshuis se voorspelers het deurgaans vir goeie balbesit gesorg. Hulle het met puik skrumwerk vorendag gekom. Die losvoorspelers was soos valke op die losbal. Dit het die deurslag tot hulle oorwinning gegee. Die Koshuis se agterlyn het ook hul deel bygedra. Hulle het met die bal gehardloop en goed verdedig toe die Koedoes op die aanval was. Swak hantering deur die Koedoes se agterlyn het hulle van die nodige punte beroof.

Vir die Koshuis het Christo Kruger en Stoffel Gouws (2) drieë gedruk. Gawie Nel het met 'n doelskop geslaag. Die eindtelling was 14-6 in die Koshuis se guns.

Weer eens het die Koshuis sy staal getoon en as 'n buiteperd vir die tweede agtereenvolgende jaar die Interhuisrugbybeker verower.

# Die Vyftiende Nasionale Wetenskapweek vir die Jeug, 8-13 Julie 1979

**Gedurende die Julievakansie is die 5e Nasionale Wetenskapweek in Johannesburg gehou. Sondagaand, die 8e Julie, het ons almal by die Ernest Oppenheimer Saal, waar ons vir die week gebly het, aangekom. Almal was maar bra vreemd en skrikkerig vir mekaar, maar ná 'n heerlike buffetete was die ys gebreek. Mnr. John Lewis het ons daarna toegespreek oor "Science in Society". Almal was verstom deur 'n klein standerd sewe seuntjie wat vra gevra het wat elk 5 minute geneem het en antwoorde van meer as 'n kwartier elk vereis het.**




Maandag het ons die Witskampus besoek waar verskeie programme vir ons aangebied is. Die oggend se onderwerpe was Toegepaste Wiskunde, Biochemie, Botanie, Geografie en Kernfisika en die middag s'n Fisika, Genetika en Chemie. Elkeen moes een onderwerp vir die oggend en een vir die middag kies. Die klem het geval op die betrokkenheid van die leerlinge en dus kon ons heelwat proewe self doen — of eerder probéér doen — een van ons groep se eksperimente het 4 keer na mekaar misluk!) Die dag is afgesluit met 'n buffetete by die Kelvin Hawe waar ons vooraanstaande wetenskaplikes, wat ons almal wou oorreed om ingenieurs te word, ontmoet het.




Dinsdag het ons AECI-Modderfontein besoek. Die interessantste afdeling was dié van die plofstofnavorsing wat heel lewendig verloop het. Die aand sou ons "Close encounters of the third kind" sien, maar dr. Albrecht het besluit op 'n lesing. Toe algemene opstandigheid begin posvat het, is die lesing vinnig opgesom en het ons "The Other Side of Midnight" gaan kyk.

Die leerlinge is in belangstellingsgroepe ingedeel vir Woensdag se besoek aan die WNNR. Dr. Albrecht het die aand afgesluit met sy lesing "What is Man" waarin hy indirek godsdiens met die wetenskap in verband gebring het. Dit het 'n ewige debat uitgelok wat tot omtrent twee-uur die volgende môre geduur het.

Donderdag is óf die Welkomse goudmyn óf die Nasionale Instituut vir Metalurgie óf die Witskampus besoek. Die aand het St. John's College vir ons 'n diskoteek, wat almal terdeë geniet het, aangebied.

Vrydag het ons die Kamer van Mynwese en die Planetarium besoek en só 'n baie interessante Wetenskapweek afgesluit.




# Die Voortrekkers


**Dit is die naam van 'n Christelik-Nasionale beweging wat vanjaar reeds 48 jaar bestaan. Sy hoofdoel is om onder die jeug die vorming van sterk en rein karakters en die opleiding tot goeie burgerskap te bevorder.**

Affies, dis 'n mondvol, maar weet julle hoe lekker dit kan wees om ons land op te bou, om in die spore van onvergeetlike voorouers te volg en om dit alles hand aan hand met jou maats te kan doen?

Tussen die soorte kampe is daar te kies en te keur. Hoogtepunte op die kalender is gewoonlik die kompetisiekamp en ander provinsiale kampe wat meestal oor veldwerk handel. Goeie raad is om reeds in standerd ses hierdie kampe te begin bywoon omdat hulle min of meer op mekaar volg. So kan jy in standerd nege na Lunsklip gaan en moontlik gedurende jou matriekjaar in een van die keurgroepe beland — iets wat vir menige die kroon op hulle Verkennerlewe span.

Kampe is egter nie die enigste genot nie. Dink 'n bietjie ook aan die vlotvaart op die Vaalrivier. Jaarliks maak duisende Vories vlotte uit konkas en span dan hulle kragte teen mekaar in. Waar groei kameraadskap vinniger as wanneer julle uithouvermoë saam die toets moet deurstaan om in 'n maangebaaide, koue nag met seer hande aan te hou roei?

Liewe land, 'n mens kry sommer 'n rilling van pure lekkerte!




# *BRIEWE*

Geagte Redakteur

Die skoolreëls sê dat tydens periodes waar onderwysers nie in die klasse teenwoordig is nie, moet daar "stil met huiswerk aangegaan word". Die persoon wat dié reëls vasgelê het, het waarskynlik nie besef dat dit nie moontlik is nie. Ek sal graag die klas wil sien waar almal met huiswerk aangaan terwyl daar nie 'n onderwyser as toesighouer is nie. Gewoonlik is daar so 'n lawaai in so 'n geval, dat van effektiewe werk, geen sprake kan wees nie.

Ek is nie besig met 'n pleidooi vir stilte as die onderwysers nie teenwoordig is nie, want dit is 'n natuurlike verskynsel dat 'n klas sal raas as hy die kans kry. Maar ek wil graag u aandag daarop vestig dat gedurende so 'n periode word 30 minute sinloos vermors.

Is dit nie moontlik om 'n effektiewe stelsel daar te stel om leerlinge wat nie klas ontvang nie iewers, byvoorbeeld in die biblioteek, te akkommodeer sodat hulle onder toesig kan werk nie? So sal 'n groot vermorsing van kosbare tyd uitgeskakel kan word!

# Pretdraf van 1979

**As 'n klompie Affies met blase aan hul voete en stywe beenspiere opgeskeep is, kan dit net een ding beteken. Hulle het op Vrydag 14 September aan die pretdraf by Seunshoër deelgeneem.**

Op dié sonnige middag het etlike honderde Affies van albei kante van die straat na Seunshoër se atletiekveld gestroom om 'n lang, maar bevredigende tog aan te pak. 'n Hele paar van hierdie moedige skoliere het egter in die slag gebly op die lang pad van 4 km vir dogters en 8km vir seuns. Ons kan egter met trots sê dat baie van ons met 'n goue medalje of 'n pragtige sertifikaat daar weggestap het.

Dankie aan elke Affie wat deelgeneem het en daartoe bygedra het om daardie middag 'n reuse sukses te maak.

**Estelle du Plessis 7**

# Verkryging van motorlisensies

**As iemand wat reeds die sware stryd deurgemaak het om die eienaar van 'n 08 oftewel motorlisensie te word, wil ek graag 'n paar nuttige wenke uitlig vir die van julle vir wie hierdie hindernis nog voorlê.**

Na 'n suksesvolle skriftelike eksamen by die toetsterrein in Silverton (vir 'n afspraak hiervoor MOET jy persoonlik daarheen gaan, want jou oë word terselfdertyd ook getoets) mag jy 'n afspraak maak vir jou permanente lisensie.

Die toetsing vind op dieselfde toetsterrein plaas. Hier volg 'n paar nuttige wenke wanneer jy saam met die toetsbeampte om hulle baan moet ry:

1. Onthou om jou veiligheidsgordel te gebruik.
2. Daar is nie 'n middellyn op die pad nie — ry so ver links as moontlik op die baan.
3. Iets waarna die toetsbeampte goed oplet is die gebruik van jou flikkerliggies — ook by die parallelparkering, vir die insowel as uitry uit die parkeerplek.
4. Leer om met die hulp van jou handrem teen 'n opdraande te kan wegtrek.
5. Leer om agteruit in 'n parkeerplek in te trek — reguit agteruit sowel as met 'n U-draai (kyk oor jou **linkerskouer** — nie jou regterskouer nie).
6. By die stopstrate moet jy **agter** die wit lyn oor die pad stop.
7. Die robot aan die einde van die roete van ongeveer tien minute is groen as jy dit die eerste keer sal sien, maar wees verseker daarvan dat hy rooi sal word voordat jy oorry — STOP!
8. Daar is borde wat die maksimum en minimum snelheid sal aandui — hou binne die snelperk.

Dit is nie nodig om te veel op jou senuwees te wees nie — die toetsbeampte is nie onredelik nie. 'n Paar klein foutjies sal hy oorsien, maar as jy egter jou motor iewers langs die pad afskryf, is die kanse dat jy jou meisie met 'n motor na die matriekafskeid kan neem, uiters skraal. STERKTE!

# YSSKAATS

**Waarheen stroom sommige Affies op 'n warm vervelige naweek? Van baie kom die antwoord eenparig "Sterland, Ysskaatsbaan natuurlik!"**

Almal ken hierdie "vervelige" sportsoort waar almal soos passers in die rondte skaats, of liewer ploeter. Tog is daar baie meer aan ysskaats verbonde as hierdie "passerskaats".

Een voorbeeld hiervan is yshokkie, wat bestempel word as die vinnigste sportsoort ter wêreld. Hier word 'n speler se vinnige denkvermoë en koördinasie tussen spelers, tot die uiterste beproef.

Nog 'n voorbeeld is vryskaats gepaard met figuurskaats. Dit is net so grasieus soos ballet. So vinnig soos yshokkie, en die kombinasie is fantasties! Dit kos harde oefening, baie deursettingsvermoë, volharding en baie geld en oefentyd om bo uit te kom. Die standaard vir yskaats in die wêreld is baie hoog en die skaatsers hang uit om die standaard te handhaaf — slegs die heel bestes kom ooit bo uit.

**H. Pretorius**



# BRIEWE


As matrikulant wat byna vyf jaar in Affies deurgebring het, het 'n ontstellende tendens my skerp opgeval. As 'n mens kyk hoeveel aandag klein en minder belangrike sake, soos byvoorbeeld die lengte van hare by beide die onderwysers sowel as die leerlinge kry, kan 'n mens nie anders as om te wonder of daar nie iewers in die sisteem 'n ernstige fout is nie.

Het dit nie tyd geword dat 'n effektiewe manier gevind moet word om hierdie sake bevredigend op te los en dan al ons aandag aan sake wat werklik saakmaak te wy nie? Dinge soos die feit dat so baie van ons in die klasse waar die kontrole nie so streng is nie, in termyntoetse afskryf, is vir my duisend keer meer ernstig as die feit dat ons verskil oor haarstyle en die handhawing van dissipline tydens klaswisseling. Kom ons begin om ons prioriteite reg te kry!

**Ontevrede matrikulant**


# Sportpersoonlikheid

**Affies het weliswaar vanjaar 'n insinking beleef in atletiek en daar was 'n leemte aan uitstaande atlete, maar elke donker wolk het 'n silwer randjie.**



Daniël Tobias Cornelius het gesorg dat Affies steeds onder die room van S.A. skoleatletiek verteenwoordig is. Hy het naamlik as enigste Affie in die N.-Tvl.-span ons skool se naam hoog gehou deur op die S.A. Junior Atletiekkampioenskappe in uitstekende geselskap 'n waardige 4e en 6e plek in die driesprong en verspring te verower.

Danie se sportloopbaan is voorwaar 'n toonbeeld van toewyding, deursettingsvermoë en volharding. Alhoewel hy op 'n vroeëre stadium bofbal in die V.S.A. gespeel het, het Danie eers in st. 4 in sport belanggestel. Hy het baie gemiddeld presteer in rugby en atletiek presteer en eers in st. 6 het hy met verspring in aanraking gekom. Die gogga het hom egter eers regtig gebyt in st. 8 toe hy weens 'n tekort aan driesprongatlete in die Interhoërspan ingesluit is. Na aanvanklike onderrig deur 'n familielid, het Danie by Owen van Niekerk begin oefen en dadelik het sy afstande begin verbeter (met 'n halwe meter in die 1e maand!) Van toe af was daar geen keer aan hierdie vasberade krulkop nie en sedertdien het hy dan ook slegs een skoolkompetisie verloor. Ondanks verskeie beserings het hy deurgedruk en sy spoed, veerkrag, koördinasie en beenkrag ten volle benut en dan ook 1e plekke behaal op die Suid-Transvaalse en Noord-Transvaalse juniorkampioenskappe. Danie het homself ook deeglik laat geld in senior tienkampkompetisies en met uitstekende prestasies ook sy veelsydigheid openbaar. Alhoewel die gesogte groen en goud 'n groot aantrekkingskrag is, is Danie se groot ideaal tog om een van die rare suksesvolle atletiekafrigters te word. Hy gaan dan ook volgende jaar as L.O.-student by Tukkies inskryf om hierdie ideaal eendag te probeer verwenslik en 'n groot leemte help vul.




Ons sien dus in hierdie suksesverhaal dat al ons oorblywende Affie-atlete baie kan leer deur die voorbeeld en raad van hierdie lojale Affie te volg. Danie se afskeidboodskap aan die skool wat hom soveel gehelp en ondersteun het, is: "Ek voel steeds Affies het 'n goeie kans om nog heel bo te eindig met atletiek, al het ons 'n stormagtige tydperk beleef. Dié wat voel alles is verlore, moet net weer dink en harder inklim as tevore. Affies sal egter net iets kan bereik indien ons vroegtydig begin oefen en elke atleet in 'n mate spesialiseer deur slegs op minstens 2 items te konsentreer. Aan elke Affie wat dink hy kan niks bereik nie kom saam, probeer jou bes en byt vas! Niemand kan jou vertel jy kan nie die hoogste sport bereik voordat jyself probeer het nie. Onthou Affies het elke potensiële atleet terdeë nodig!"

Stroom-op wens Danie graag voorspoed toe met sy loopbaan — ons weet groot name sal nog deur jou hande gaan . . . onthou jy is altyd ook welkom by Affies!

**W.R. Kemp**

## KORT- SPORT

**Judo**

Jurgens Kitshof en Hendry van Vuuren behaal N.-Tvl. kleure.

**Judo**

Freddie Nortje behaal weer eens puik prestasies deur die volgende medaljes te verower:
N. Tvl — Junior (Goud)
N. Tvl — Senior (Silwer)
Natal — (Brons)
Tvl — (Brons)
O. Tvl — (Brons)

Hy neem ook vir N.-Tvl aan die spangevegte deel.

**Krieket**

Twee seuns, Hennie Conradie en Christian Müller word gekies vir die Pretoriase Afrikaanse Hoërskole 0/15 krieketspan.

**Skerm**

Leon du Plessis behaal na verskeie kompetisies sy Springbokkleure.

**Gholf**

Johan Enslin behaal 'n baie goeie tweede plek op die S.A. Gholfkampioenskappe en ontvang ook die "Gary Player Trofee".

**Spaanse Danse**

Walter Scholtz behaal 'n unieke prestasie by die kunsfees, nl. 'n eerste plek in dié danstipe.

**Perdry**

In die S.A. kampioenskappe behaal R. Viljoen onderskeidelik 3e, 4e en 5e plekke asook 'n 1e en 2e plek op die Pretoriase skou in die springnommers.

**Gimnastiek**

Drie van ons leerlinge Louw Gerber, Deon Engela het aan die S.A. kampioenskappe deelgeneem.


L. Gerber behaal 'n 3e plek in die 0/19 Ope terwyl D. Engela 8e geëindig het. 'n Uitstaande prestasie word deur 'n 14-jarige leerling, Eugene Engela behaal waar hy eerste eindig in die 0/17 afdeling.


**Ysskaats**

Derreck Simons wen die senior mansafdeling en wen 'n goue medalje (Die tweede keer toegeken in S.A.) vir sy toets in die vryskaats.

**Blaasorkes**

'n Uitstaande prestasie word behaal toe die A.H.S.-Blaasorkes 92% op die Kunsfeeswedstryd gekry het. Dit is voorwaar 'n puik prestasie!






# TENNIS

**In die gemengde skoleliga het Affies bewys dat hulle as 'n kombinasie (Meisieshoër en Seunshoër) onoorwonne is. Die eerste bo-15 liga is weer eens deur Affies gewen.**

Die hoogtepunt van die afgelope trimester is ongetwyfeld die Administrateursbekerkompetisie. Affies se eerstespan, bestaan uit 'n seldsame kombinasie van 2 matrieks en 2 standerd sessies. Na Affies die liga teen C.R. Swart gewen het, kon ons aan die uitdunne van die kompetisie deelneem. Affies het die eerste wedstryd teen die Hoërskool Rustenburg gewen, daarna teen die Klerksdorpse Hoërskool en in die eindrondte teen die Parktown Girls High. Birktam is verlede jaar ook in die eindrondte uitgeskakel. Affies het skoonskop gemaak en met 6 wedstryde teenoor nul gewen. Weer eens het Affies (vir die derde keer) die trofee verower!

Sonder juffrou Bothma se opofferings en toewyding sou hierdie prestasie nie moontlik gewees het nie. Baie dankie juffrou, ons waardeer dit baie. Ons hoop dit gaan volgende jaar net so goed.

**Tenniskapteine Letitia Fourie**

# Beroepsuitstalling

**Daar is baie skoliere wat tot op hede nog nie seker is vir watter beroep hulle hul eendag wil bekwaam nie. Om te help met hierdie moeilike en uiters gewigtige besluit, het die plaaslike Rapportryerskorps in samewerking met die sekondêre skole van eenheid 26 en die uitstallers dit goedgedink om 'n uitstalling op Afrikaanshoër se skoolterrein te reël om verskeie beroepe aan skoliere bekend te stel.**

Vanaf die 5e tot die 7e September het kenners op hulle gebied gereed gestaan om persone wat beroepsonsekerheid verlang en diegene wat meer inligting oor sekere beroepsvelde wou bekom, van raad te voorsien. Pamflette algemene inligtingsbrosjures en skyfiereekse het bygedra om skoliere vanoor die hele Pretoria van die nodige inligting te voorsien.

In die saal was verskillende wyduiteenlopende stalletjies van o.a. die Departement van Gevangenis, verskillende bankgroepe, die Suid-Afrikaanse Polisie, Technikon, Die Instituut van Professionele Ingenieurs, die WNNR, Die Nasionale Instituut vir Lugvaart en die Transvaalse Departement van Hospitaaldienste.

Buite die saal het die Weermag 'n baie interessante uitstalling gehou. Die helikopter wat elke dag spesiaal ingevlieg is, het vir die grootste opwinding gesorg. Dan is daar ook 'n Ratel en verskeie handwapens en lugafweerkanonne uitgestal. Weermagslede het op 'n objektiewe wyse die voor- en nadele van weermagsopleiding voor verdere studie uitgelig en films oor die werking van die Weermag vertoon. Die oueronderwyserskomitee het verversings te koop aangebied.

Te oordeel aan die groot getalle skoliere en selfs volwassenes, was die groot moeite en onkostes wat aangegaan is om hierdie uitstalling moontlik te maak, nie tevergeefs nie.

# Die Festa Romana

**Op Saterdag 22 September het 'n klomp Affies die Festa Romana op die Kampus van die Universiteit van Pretoria bygewoon.**

In die oggend het die fees in die boukundegebou plaasgevind. Die eerste lesing het gehandel oor die bekende Griekse gebou in Athene, naamlik die "Acropolis". Vir die meeste van ons skoliere was die lesing 'n bietjie bo hulle vuurmaakplek (met miskien die uitsondering van die St. nege en matriek leerlinge) as gevolg van die moeilike Engels wat deur die lektrise gebruik is.

Dit is gevolg deur 'n lesing oor die leefwyse van die mense in Pompeii, wat ons baie geniet het. Ons het ook kans gekry om die model van die huis van Menander in Pompeii te besigtig. Die model is deur boukundestudente gebou. Omtrent eenuur die middag het ons 'n Romeinse skynhof bygewoon waarin "Morneus du Plesseus" Naas Botha aangekla het dat hy geen naasteliefde het nie.

Die hoogtepunt van die fees was die skreeusnaakse drama van Plautus "Die gebookler met die broeders", wat deur dramastudente opgevoer is.

Die Festa Romana was baie interessant en leersaam en ons het dit baie geniet.

# ATLETIEKGEES:


**Eendag, lank, lank gelede, het 'n massa juigende Affies met skitterende silwer bekers die Pilditchstadion verlaat. Maar soos julle almal weet, moes die Affies hierdie jaar bedremmeld, bedroë en met leë hande die hekke uitstrompel. By die "huis" het ons ure lange praatjies gekry oor wat 'n ware atleet is, en wat ons tekortkominge is.**

Die verdwaalde sportgees het onlangs weer sy verskyning tussen die Affies gemaak, maar die oefengees ontbreek nog. Die onderwysers haal daagliks fratse voor in die klas uit om ons stomme Affies te oortuig dat ons, deur te oefen, 'n bydra kan maak tot die Gesondheidsjaar. Wat die onderwysers nie weet nie, is dat ons sal dood neerslaan weens ooreising as ons nog sportoefeninge in ons druk akademiese program moet inpas. Maar is dit so erg? Dit is bewys dat die mense wat daagliks so getrou kom oefen, fikser en gesonder is as ons gewone volk. En Affies: 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees! Dit geld vir grootmense ook, daarom nooi ons die onderwyseresse vriendelik uit om saam met ons te kom oefen. Daar is 'n uitdrukking wat sê: "Hoe meer siele hoe meer vreugde" — en dink net 'n persoonlike ontmoeting met die uwe. U spandeer onnodig baie rande aan ledegeld vir fiksheidssentrums, terwyl ons eie unieke trimbaan deur selfs die platsak Affie gebruik kan word. En terloops, dit het presies dieselfde uitwerking!

Is jý 'n potensiële atleet? JA!

Byvoorbaat dankie vir julle vriendelike samewerking.

**Die Oefengees**



# Sportman van die Termyn

**Is daar in 1979 'n nuwe tendens 'n Affies se sport te bespeur? Soos vanjaar duidelik blyk uit verskillende prestasies, wil dit voorkom asof daar dalk 'n klemverskuiwing besig is om plaas te vind vanaf die populêre spansporte na die minder bekende individuele sportsoorte . . .**

Is dit dalk 'n uitbreiding van die algemene verskynsel dat die groot meerderheid van die jeug óf aan die linkerkant van die sportoneel verkeer deur slegs 'n rol as toeskouer te vertolk, of as deel van individuele uitlewing poog om homself te bewys en te bevredig op 'n eie, (dikwels minder bekende) sportgebied . . .? Die Engelse praat seker nie verniet van "doing my own thing" nie!?

Affies is landswyd bekend vir veral sy rugby- en tennisprestasies. Hoe gebeur dit dat 'n mannetjie in st. 6 op Affies aanland met slegs deelname aan swem op laerskool agter die blad en dan skielik aan gimnastiek begin deelneem? Volgens Deon Engela, die sportman na wie verwys word, het sekere dinge in gimnastiek hom onherroeplik "getrek". Die uitstekende onderlinge gees, hegte kameraadskap tussen die gimnaste en die sterk positiewe benadering teenoor alles, dra daartoe by dat gimnastiek so 'n unieke en besondere sportsoort is.

Deon Engela is op 19 Oktober 1961 as uitgeknipte "Pretoriaanse engeltjie" gebore. Na 'n kommervrye laerskoolloopbaan op Anton van Wouw, "verhuis" Deon na A.H.S. omdat daar 'n gesonde balans tussen akademie en sport bestaan. Hy hou steeds vol met sy swemmery en verteenwoordig ons skool dan ook twee maal in die rare Vrystaatse swembad van Grey Kollege.

Nadat hy egter aan die einde van sy st. 5-jaar by Anton van Wouw met gimnastiek kennis gemaak het, neem dié koors snel toe en vorder hy dan ook met rasse skrede (danksy oorgenoeg talent en oefening)' totdat hy reeds in st. 6 vir die eerste (beslis nie die laaste!) maal N. Tvl.-kleure in gimnastiek verwerf. Alhoewel die gimnastiek baie tyd en opofferings vereis, geniet Deon dit steeds terdeë en oefen hy doelgerig voort. In st. 7 behaal hy dan 'n 3e algehele plek in die 0/15 afdeling by die Noord-Transvaalse se kampioenskappe met 'n 2e plek (algeheel 0/17) in st. 8 en weer eens 'n 2e plek (0/19) in die daaropvolgende jaar. Deon hou vol met sy dinamiese vordering. Met 'n 2e plek in die 0/19-ope afdeling vanjaar span Deon die kroon op 'n kort, maar uiters suksesvolle gimnastiekloopbaan, wanneer hy die N.-Tvl.-span vir die 5e agtereenvolgende jaar verteenwoordig. Voorwaar 'n uitsonderlike prestasie! Vanjaar het hy ook deelgeneem aan twee kompetisies van 'n baie hoë standaard waar 'n gimnas 'n keuse op al 6 apparate het, nl. die United Super Liga en die Junior Nasionaal Gevorderde Afdeling. Die spronge is Deon se gunsteling (en beste) afdeling en hy het dan ook reeds die afgelope 3 jaar op die Noord Transvaalse kampioenskappe met die louere in hierdie afdeling weggestap.


Deon is nog 'n getroue en oortuigde aanhanger en voorstander van die spesialisasieteorie — hy oefen elke dag vir twee ure lank! Deon beskou die gimnastiekvordering op Affies tot dusver as matig, maar aangesien daar nuwe gimnastiekgeriewe vir Affies in die vooruitsig gestel word, meen hy die populariteit van gimnastiek as sport by A.H.S. sal toeneem. 'n Goeie afrigter is egter onontbeerlik en uiters belangrik.


Deon is 'n populêre prefek en presteer ook baie goed op akademiese gebied waar hy die afgelope 2 jaar reeds sy akademiese erekleure verwerf het. Ook hierin speel sy geliefde sportsoort 'n belangrike rol — 'n gesonde liggaam huisves voorwaar 'n gesonde verstand!

Deon beoog om medies te gaan studeer en definitief so lank as moontlik met gimnastiek voort te gaan. Hy wil graag aan die Grade Kampioenskappe deelneem en uiteindelik (hopelik binnekort) aan die gesogte Springbokproewe deelneem.

Terwyl Deon aanstap na U.P., vestig ons ons oë en hoop op die belowende en opkomende gimnastiesterretjie — Eugene Engela (Gimanstiek loop beslis sterk in die Engela-are!) Stroom-op wens Deon graag sterkte toe met die eksamen, sy gimnastiek en sy verdere studies — hou Affies se naam steeds hoog!

**W.R. Kemp**





# Sportvrou van die Termyn

**Tennis, soos so baie ander sportsoorte, bied soms frustrasie, uitdaging, hoogtepunte en ekstase. Hieroor kan Letitia Fourie, st 10-leerling van die Afrikaanse Hoër Meisieskool seker boekdele skryf.**

Op die betreklike laat ouderdom van 12 jaar, het sy met kompetisietennis te doen begin kry. Op hierdie stadium is sy deur mnre. Ian Cunningham, wat spelers soos Johan Kriek, Bernie Mitton, Deon Joubert, Brigette Cuypers en ander afgerig het, gehelp. Later is sy ook deur Annette du Plooy, en Danny Sullivan afgerig.

Soos op ander gebiede, is sy 'n toegewyde en hardwerkende sportvrou en reeds op 14-jarige ouderdom het sy haar eerste enkelspeltitel verower, naamlik N.-Tvl., Suid-Tvl en Wes-Tvl. Die jaar daarna begin sy goed deur die Oos-Tvl. 0-16 titel te wen en word ook gekies vir die N.-Tvl junior tennisspan. In std. 9 het sy weer N.Tvl-kleure verwerf en in st. 10 word sy kapteine van dié span.

In st. 7 het sy en Revonne du Toit hul merk gemaak deur die Apletizertrofee vir Affies te wen. In st. 8 was sy lid van Affies se Administrateursbeker wenspan en in st. 10, kapteine van die wenspan.

Soos dit 'n goeie sportvrou betaam, kan sy 'n nederlaag met 'n handdruk van opregte gelukwense aan haar meerdere aanvaar en weer uitsien na 'n volgende toernooi.

Karaktereienskappe soos hierdie, het bygedra dat die eer van 'n prefekskap haar te beurt geval het.

Volgende jaar sal Letitia haar voltyds op tennis toelê en hoop om 'n suksesvolle tennisloopbaan te hê.

# KRIEKET:

**Na aanleiding van die prestasies behaal, verbeterde fasiliteite en die aangename gees wat onder die krieketspelers geheers het en nog steeds heers, kan ons met reg sê dat Affies 'n vrugbare en voorspoedige krieketermyn beleef het.**

Affies het nog nooit krieketfasiliteite gehad wat aan die korrekte standaarde voldoen het nie. Die vier sementnette en twee turfnette is heeltemal te min terwyl daar egter gepoog word om die twee turfnette en die kolfblad in 'n puik toestand te kry vir die komende seisoen. Die krieketspelers het egter nou 'n diamant ryker geword — die sementnette is nou onlangs met matte uitgelê, wat in 'n groot opsig dieselfde as 'n kolfblad is. Die drade is ook herstel en die nette lyk sommer stukke beter.

**Sewe Spanne:**

Affies het hierdie termyn, sewe krieketspanne in die veld gestoot: 'n 1e span, 2e span, 3e span wat 2e liga speel, O/15 A- en B-spanne en O/14 A- en B-spanne. Hieruit spreek vanself dat daar 'n spangees en wilskrag onder die spelers heers.

Die O/14 B-span het sy liga verloor terwyl die O/15 A-span syne gewen het en op pad na die finaal toe is. In 'n spannende wedstryd het hulle Menlopark met twee lopies gewen. Die 2e span het nog nie 'n wedstryd verloor nie terwyl die 1e span sy afdeling gewen het maar toe in 'n verdere rondte teen Menlopark met 25 lopies verloor het. Was dit egter nie vir nege verbroude vangkanse nie kon die prentjie miskien anders gelyk het. Die 1e span speel nou om die Uniewinkelstrofee en het reeds sy eerste wedstryd teen die Hoërskool Langenhoven met 45 lopies gewen.

**Prestasies:**

Affies spog met uitstaande individuele krieketspelers wat dan ook uit die krieketproewe gesien kon word. Christo Müller en Hennie Conradie is in die O/15-Pretoriase Afrikaanse Hoërskolespan ingesluit. Ook is die twee senior spelers, Jossie Strijdom en Marius le Roux in die 1e span van die Pretoriase Afrikaanse Hoërskolespan ingesluit. Marius le Roux, kaptein van Affies se eerste krieketspan, is ook as hierdie span se kaptein aangewys. Voorwaar 'n puik prestasie!

# NETBAL

**Die netbalseisoen was hierdie jaar besonder suksesvol. Aldrie spanne het teen Girls High, Verwoerdburg, Erasmus Hoër, Hoër Handel, The Glen, Langenhoven, Iona Convent en Menlopark gespeel en aldrie spanne het tot die semifinale wedstryde deurgedring. Die senior B- en 0/14 A-spanne het onderskeidelik teen Twine en Elandspoort te staan gekom en het naelskraap verloor.**

Twee spanne het deurgedring na die finale wedstryde, die 0/15 A-span vir die eerste plek en die 0/16 A-span vir die tweede plek. Albei moes egter die wedstryde aan spanne van Silverton prysgee. Die 0/15 A-span het dus tweede in N-Tvl. geëindig uit 48 spanne.

Ons skool kan trots wees op haar netbalspeelsters en ons hoop hulle hou so aan.



# TENNIS ÁÁÁMPER BO!

**Affies het soos in die verlede weer 'n hoogtepunt op tennisgebied beleef en soos tevore sy merk as een van die beste tennisskole in Suid-Afrika gemaak.**

Met die Noord-Transvaalse Interhoër op Loftus behaal die spanne onderskeidelik 1e en 2e plekke. In die finaal klop die 1e span die 2e span met 15 spelle. Affies wen hierdie titel vir die 12e keer in 13 jaar.

Saam met Meisieshoër het Affies ook die Noord-Transvaalse Gemengde Liga gewen deur C.R. Swart in die finaal oortuigend geklop. Hierdie kompetisies het weer eens bewys dat Affies die Noord-Transvaalse junior tennis heeltemal oorheers.

Verdere bewys is gelewer toe die huidige Affie eerstespan: Jakobus Jordaan, Jean van Rensburg, Tian Viljoen en Danie Visser net so opgeneem is in die Noord-Transvaalse junior span. Ook het die Noord-Transvaalse senior span uit drie oud-Affies bestaan, nl. Deon Joubert, Marius Genis en Philip Viljoen.

Op 18 Augustus wen ons die Noord-Transvaal streek van die Administrateursbeker deur vir Rustenburg Hoërskool te verslaan.

In die semi-finaal reken ons af met Wesfalia op Klerksdorp met dieselfde telling van 8 wedstryde teenoor 0.

Op 26 September speel ons die finaal teen Linden op Loftus Versveld. Albei spanne is baie goed ondersteun, maar Affies moes soos die vorige jaar weer die knie buig teen Linden se sterk span wat drie Junior-Springbokke insluit!

In 'n herhaling van verlede jaar se finaal wen Jakobus Jordaan die AHS Skoolkampioenskappe deur vir Jean van Rensburg in 3 stelle te verslaan. Danie Visser en Tian Viljoen buit die dubbelspel deur vir Jakobus Jordaan en Jean van Rensburg in 'n taai wedstryd met 4/6, 7/5, 8/6 te verslaan.

Ons sê baie dankie vir mnr. Bezuidenhout vir al die opofferings wat hy weer hierdie jaar gedoen het en wens vir hom en die tennisspelers baie geluk met 'n suksesvolle jaar.

**D. Reynecke**